

Ongeregistreerde tabakvervaardigingsaanleg ontbloot

Tshwane, 17 September 2021 - 'n Ongeregistreerde tabakvervaardigingsaanleg, wat molasse/shisha-tabakprodukte vervaardig, is ontbloot gedurende 'n soek-en-beslagleggings-operasie wat in Gauteng uitgevoer is.

Die intelligensie-gedrewe operasie is uitgevoer deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) deur sy Nasionale Blitsreaksiespan (NRRT) en die se onwettige handeldryfeenheid, gesteun deur die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en die Johannesburgse Metropolitaanse Polisie departement.

Die aanleg is gekoppel aan 'n bepaalde gelisensieerde vervaardiger deur die tabakhandelsmerkprodukte wat op die perseel gevind is. Daar is beslaggelê op die vervaardigingsaanleg, met al sy masjiene en molasse, vir verdere ondersoek ingevolge belasting- en doeanewetgewing.

Die span van veelvuldige wetstoepassingsagentskappe, het ook soek-en-beslagleggingsoperasies op drie ander winkels in Fordsburg uitgevoer, wat gefokus het op die verkoop van vermene onwettige tabakprodukte. Die span het 1 327 kartonne onwettige molasse gevind, asook onwettige sigarette met 'n geskatte waarde van R400 000.

Die goedere is op beslaggelê en verwyder, hangende die verskaf van invoer-/plaaslike aankoopdokumentasie, hoeveelheidsverifiëring en verdere ondersoek oor of die korrekte belasting aan SARS betaal is.

Gedurende die operasie, het 'n eenaar van een van die geïdentifiseerde winkels gepoog om een van die SARS-beamptes om te koop met R30 000 om "die saak te laat verdwyn". 'n Kriminele saak is by die SAPD aanhangig gemaak vir poging tot omkoperij, en die individu is in hegtenis geneem.

In nog 'n operasie, het die SARS NRRT 'n 40-voet laaikis deursoek by een van die gelisensieerde bewaarplekke (depots) in City Deep. 'n Besending is verklaar as speelkaarte, ingevoer uit China na Suid-Afrika via die Durbanse hawe na City Deep.

Die inspeksie het 'n vol laaikis, gelaai met verskeie klerasie items met 'n verklaarde doeanewarde van R550 000, ontbloot, wat valslik as speelkaarte verklaar is. Die klerasie is teruggehou, hangende verdere stappe, onderwyl 'n kriminele saak by die SAPD aanhangig gemaak is vir smokkeling en bedrog.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die organisasie toegewyd is daartoe om dit moeilik en duur te maak vir nienakomende belastingpligtiges en handelaars. Hy het gesê dat nienakoming, handeldryf in onwettige goedere en kriminele bedrywighede, die ekonomie vernietig en bydra tot werksverlies, ongelukke en armoede.

"Bowenal, verminder hierdie kriminele bedrywighede die inkomste wat SARS invorder wat die regering in staat stel om basiese dienste te lewer aan armes en kwesbares, soos toelae aan bejaardes, skole, klinieke en die Covid-19-vaksienuitrolprogram.

"Ons sal paraat bly en 'n geen-toleransiebenadering handhaaf teenoor onwettige handeldryf, omdat ons mandaat dit van ons vereis," het mnr. Kieswetter gesê.

EINDE

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.